SLINGERVEL

Januarie 2019

Christelike maandblad vir die jeug

SLINGERVEL, JAARGANG 60
Nommer 1004, Januarie 2019

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 Simson – Blokkiesraaisel
10 Simson – Woordsoek
11 Simson – Soek die verskille
12 Die negende gebod
13 Feeste in die Ou Testament – 1
14 Tydlyn van die Nuwe Testament
15 Oplossings
– Blokkiesraaisel
– Woordsoek
– Soek die verskille
16 Op hierdie dag in Januarie
18 Wat kan ek lees?

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- ⇨ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter
Oom Abraham Krüger

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R319,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R115, 00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 60,
Nommer 1004
Januarie 2019

ISSN 0037 685 X

Maats

2019! 'n Nuwe jaar met nuwe dinge.
Ons het ook twee nuwe temas vir hierdie jaar: Oom Abraham skryf oor die feeste van die Ou Testament, en dan ook 'n tydlyn van die Nuwe Testament.
Ek hoop julle geniet die nuwe en die ou dinge!



Ek kon onlangs my ore nie glo toe 'n Afrikaanse meisie by 'n skool vir my gesê het dat sy besluit het om nie meer 'n Christen te wees nie, en nie meer in God te glo nie. Ek het amper nie woorde gehad nie … Waarom nie?

Haar antwoord het my geskok: Die Bybel is vol foute en die mense in die Bybel is slegte mense – en die kerke maak hulle helde.

Sjoe! Dit was 'n tameletjie! Ons het toe oor twee sakies gesels: Het die Bybel foute, en is daar helde in die Bybel?

Waar is die foute? Ons het oor een gepraat: NOAG SE ARK. Haar argument: Dis onmoontlik dat al die diere in die ark kon kom as ons kyk na die grootte soos in die Bybel. Ek verduidelik toe vir haar dat daar net twee honde in die ark was. Hoe hulle gelyk het, is nie belangrik nie. Die Here het die mens ook die verstand gegee om met teling verskillende spesies te teel. So was daar ook twee katte, twee bere, ensovoorts … Dit het gelyk of sy begin verstaan.

En wat van die helde in die Bybel? Ek het haar vir 'n voorbeeld gevra: SIMSON. Ek het haar gevra of ons as mense dink hulle is helde, en of God sê hulle is helde. Sy antwoord dat daar baie boekies geskryf is, en dat sy een het oor *Simson die Held*.

Ek het by Rigters 13 oopgemaak. Ja, daar het ons gelees dat Simson ongehoorsaam was aan sy ouers, verkeerd gedoen het deur aan homself die eer te gee met die eselskakebeen, en ook ongehoorsaam was aan die Here toe hy vertel het wat sy lewensgeheim was. Toe vra ek of die Bybel wys dat hy 'n held is. Nee. Tog kon ek vir haar wys dat die Here sondige, ongehoorsame en selfs rebelse mense gebruik om sy doel te bereik.

Uiteindelik het ek haar gevra om te lees wat God sê en nie wat mense skryf of sê oor Bybelfigure nie. Ek het vertel dat daar net een ware goeie Mens in die Bybel is: Jesus. Die res is, soos ons, mense wat sonde gedoen het. Ek het haar weggestuur met die versoek dat sy die Bybel lees en nie dit wat mense oor die mense in die Bybel skryf nie. Ek het ook vir haar gesê dat die Here haar kan gebruik net soos hy Simson, Dawid of Rut gebruik het.

Maats – ons moet maar eerder vir die Here self luister.

Tot volgende keer! sv

SIMSON – BLOKKIESRAAISEL

Maats
Ek dink Simson is die bekendste van al die Rigters. Miskien omdat ons onthou hoe die Here hom elke keer sterk gemaak het! Lees nou die geskiedenis van Simson in Rigters 13 – 16 vir ons blokkiesraaisel. Skryf die antwoorde neer vir die Woordsoek.



Leidrade:

DWARS

1. Hier het die Here begin om Simson te lei
3. Tuisdorp van Simson se ouers
4. Hiermee is Simson gebind om die meul te draai
10. Op pad na sy troue het Simson eers hierna gaan kyk
11. Simson verander die pleknaam van hierdie naam toe hy besef die Here gee die oorwinning
12. Delila se woonplek
14. Simson se ma mag dit nie drink nie
15. Hier het hulle Simson laat staan na hy die Filistyne vermaak het
17. Manoag vra Simson of hier nie 'n vrou vir hom is nie
18. Hier het die Filistyne 'n strooptog teen Juda uitgevoer
20. Simson se ma mag nie van die

opbrings van hierdie plant gebruik nie
21. Juda sal Simson nie doodmaak nie, maar hom só vasmaak om aan die Filistyne oor te lewer
22. Soveel dae kry die jongmanne op die raaisel op te los
23. Simson gee dit vir sy ouers om te eet – maar sê nie dit kom uit 'n karkas nie.
25. Simson gaan woon by hierdie rotskloof na sy wraak omdat sy vrou en skoonpa verbrand is
26. Hierdie tyd het Simson wakker geword en die stadspoort uit die muur gevat.
28. Soveel jaar het Simson die Israeliete gelei
29. Dit is ook afgebrand in Simson se wraak op sy skoonpa
31. Die eerste ding wat Simson sê hulle hom mee moet vasbind om hom kragteloos te maak
33. Dit wou die jongmanne met Simson se vrou en skoonfamilie doen as sy nie die antwoord op die raaisel vir hulle gee nie
37. Van hierdie tyd af is Simson aan die Here gewy
40. Hierdie diere gebruik Simson om die oes van die Filistyne af te brand
41. Die tweede ding wat Simson sê hulle hom mee moet vasbind om hom kragteloos te maak
42. Hier het 'n jong leeu op Simson afgestorm
43. Hier het Simson 30 man doodgeslaan.
44. Simson se ma mag dit nie drink nie

AF

2. Hierin styg die Engel van die Here op
3. Die Filistyne het Simson se vrou aan hom gegee
5. Naam wat Simson aan die plek gee waar hy duidend Filistyne met 'n kakebeen doodgeslaan het.
6. Die Filistyne wou Simson op hierdie tydstip in Gasa doodmaak
7. Tyd wanneer Simson vir sy Filistynse vrou gaan kuier het
8. Dit kry die jongmanne as hulle die antwoord op die raaisel kan gee
9. Die Here het dit van Manoag aangeneem
13. Hiermee het Simson die leeu doodgemaak
16. Hulle het oor Israel geheers
19. Die eerste ding wat Simson sê hulle hom moet vasbind om hom kragteloos te maak
24. Simson se pa
27. Toe dit afgeskeer is, het die Here hom swak gemaak en verlaat
30. Simson moes volgens gewoonte dit vir die jongmanne hou
32. Manoag sit dit op 'n klip om aan die Here te offer
34. Die god van die Filistyne
35. Simson is naby hierdie plek begrawe
36. Hiermee sou die Filistyne Delila betaal vir inligting oor Simson se krag
38. Hy sê vir Simson se ma dat sy 'n seuntjie gaan ontvang.
39. Die eerste dorp waar Simson 'n meisie gesien het met wie hy wou trou



Oom Hennie

Die negende gebod



"Jy kan geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie." As ons dit omdraai, kan ons sê: "Jy moet die waarheid praat!"

In hierdie reeks oor die Tien Gebooie het julle seker nou al agtergekom dat die Tien Gebooie sê hoe ons moet lewe ('n leefwyse).

Hierdie leefwyse moet vir die mense wys dat ons kinders van die Here is. As hulle dit sien, moet hulle wonder, en as jy sien iemand wonder oor jou reg-lewe, vertel hom dat die Here tien maklike reëls gegee het om reg te lewe.

Maar, maats … dit plaas ook 'n baie groot verantwoordelikheid op ons om die regte ding te doen! Ons kan nie kul en jok en dinge vertel wat nie waar is nie! Dit maak dat die mense nie van ons hou nie. Daar is nog iets baie erger – hulle wil dan nie weet van God nie, want hierdie kind van God jok!

Nou vir die moeilike vraag: Wat is waarheid? Baie mense dink dat waarheid is om feite net so te vertel.

Kom ons kyk na die volgende geval: Jy sien hoe 'n grootmens 'n kindjie slaan en skop. Die grootmens draai om en die kind hardloop weg en gaan kruip weg onder 'n groot skottel. Die grootmens sien jou en kom vra: "Waar is daardie kind?" Nou moet jy mos die waarheid praat. Kom ons dink bietjie wat jy moet sê. Sê jy hy is onder die skottel, gaan hy hom verder seermaak. Sê jy dat jy nie weet nie, vertel jy mos nie die feite, dit wat jy weet, nie? Is dit nie jok nie?

Die Kategismus gee vir ons 'n baie mooi goue reël waaraan ons eers moet dink voor ons ons monde oopmaak. Ek gaan dit kortliks so saamvat: *As jy iets sê, moet God tevrede wees met wat jy sê, en dit wat jy sê, moet die mens waarvan jy praat, bevoordeel.* Goed *vir* hom en *van* hom.



Kom ek laat jou met hierdie gedagte: *As jy nie iets goed van iemand kan sê nie, bly stil!* SV

Tydlyn van die Nuwe Testament

• agtergrond •

Maats

In watter jaar is Jesus gebore? Ons elkeen weet darem in watter jaar ons gebore is – en dan kan ons wonder wanneer Jesus gebore is.

Drie jaar terug in die Redakteursbrief het ek die een en ander gesê oor die kalender soos ons dit nou gebruik. In die meeste lande is dit nou Januarie 2019. Daar is tientalle lande en kulture wat ander kalenders gebruik.

Daar is verskeie kalenders in die geskiedenis gebruik. Lees maar veral in die geskiedenis van die uittog hoeveel daar gemeld word van soveel maande en soveel jare. Die Jode gebruik die Uittog as die begin van hulle jaar.

Julius Caesar het ook 'n kalender saamgestel wat in sy tyd in gebruik geneem is. Dis so ongeveer 40 jaar voor Jesus se geboorte. So het verskeie lande 'n eie kalender gehad: Egipte, Mesopotamië en die Bisantynse kalenders.

Ons kalender is amptelik in gebruik geneem in Oktober 1582. Pous Gregorius 13 het baie mense gebruik om navorsing te doen en hulle het begin somme maak. Hulle het die datums uitgewerk dat Jesus in die jaar 1 gebore moes word. Hoewel die pous baie akkuraat gewerk het, het hy tog sekere datums verkeerd gelees. Onthou: die kalenders wat hy gebruik het, het verskillende datums vir dieselfde dag gehad. Verder het die maande nie almal dieselfde aantal dae gehad nie!

Gregorius het dus vasgestel dat Jesus gebore is en dat die jaartal toe begin het. Hy het dan ook die datums uitgewerk wat afgetel het voor Jesus gebore is.

Intussen is meer geskrifte opgegrawe en meer datums het bekend geword. Dit lyk uit die vergelyking van datums dat die volkstelling van keiser Augustus 4 tot 6 jaar vóór die datum is wat pous Gregorius gedink het Jesus is gebore.

Ons gaan in die volgende paar Slingervelle probeer om te kyk wat wanneer in Jesus se lewe gebeur het. Ons moet onthou dat Jesus sowat 34 jaar oud was met die hemelvaart. Hy het soveel gedoen en beteken! Ná die hemelvaart word die apostels uitgestuur. Wat het hulle waar en wanneer gedoen? Die geskiedenis van die Nuwe Testament strek oor 'n rapsie meer as 100 jaar. Ons gaan hierdie 100 jaar só indeel:

- 5 vC tot 25 nC: Jesus se kinderjare
- 27 nC: Jesus se eerste bedieningsjaar
- 28 nC: Jesus se tweede bedieningsjaar
- 29 nC: Jesus se derde bedieningsjaar
- 29 nC: Jesus se laaste sewe dae
- 29 nC: Jesus se opdrag: Gaan uit!
- 30 – 32 nC: Die apostels se eerste drie jaar
- 32 – 47 nC: Paulus se eerste 15 jaar
- 48 – 64 nC: Paulus se laaste bedieningsjare
- 95 nC: Johannes op Patmos

Ons kyk volgende keer na die kinderjare van Jesus. SV

oplossing


MEGA ANEDAN SORA BRONSKETTING
LAKLAL
IKTROKAKIG
GERAAMTE ROEPERSFONTEIN
DAAOIBAN
AGSOREKVALLEIWYNTEMPELPILAREE
VAGEHE
LAOVOLKSGENOTEOE
LAMEGISOFM
WMHLSHFD
EAWINGERDSTOKBOEISEWE
HEUNINGSYOR
FDETAMMIDDERNAGA
STYWINTIG
TAN
BOOGSNARE
ERBRAND
BOORTE
NKJAKKALSE
GKNUWETOUE
WINGERDE ASKELON
LA
BIER